

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 107

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Vryheid en Verantwoordelikheid

Elke mens het die reg om vry te wees. Dit is iets wat veral sedert die Franse Revolusie met nadruk verkondig is.

Onder invloed van die Liberalisme (**liber** beteken **vry**) word daar in ons tyd 'n besondere soort vryheid verkondig. Hulle sê dat elke mens sy eie baas is en kan doen net wat hy wil; hy moet deur niks gebind word nie: Nie deur die publieke opinie, nie deur sedelike reëls en **ook nie deur die wet van God nie**. Dit is ook die lewe van die sogenaamde **permissiewe gemeenskap** van ons tyd, 'n lewe waarin enigiets toegelaat word en alles geoorloof is.

Hoewel dié vryheid in ons tyd weer so sterk gepropageer word, is dit in werklikheid niks nuuts nie. Ons lees ook in die Bybel van mense wat op dié wyse vry wou wees. Judas praat van "**mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën**" (Judas :4).

Wat deur die Liberaliste en die permissiewe gemeenskap as vryheid verkondig word, is egter geen werklike vryheid nie maar **totale bandeloosheid**. Dit is die vryheid van **'n skip** sonder 'n anker of stuurman: Dit dobber op die golwe rond totdat dit vroeër of later teen die rotse te pletter geslaan word. Dit is die vryheid van die **verlore seun wat** nie meer deur die vaderlike gesag gebind wil wees nie; hy wil vry wees; hy vat al sy goed en mors dit in sondige genot uit saam met slegte mense en eindig by . . . die varke!

Wanneer is 'n **vis** waarlik vry? Alleen as hy in die water is. As hy "vry" wil wees en uit die gebondenheid aan die water wil loskom, gaan hy dood. **'n Trein** is ook alleen vry as hy op sy spoor bly.

Dan bereik hy sy bestemming. As hy egter sogenaamd vry wil wees en afklim van sy spoor af, vind daar 'n ongeluk plaas en kom hy nie by sy bestemming uit nie.

As die konsekwensies van hierdie soort vryheid deurgetrek word, kry jy te doen met die mens wat weier om by stopstrate stil te hou, verkeersligte verontagsaam, polisie verag, die lewe en besittings van ander mense met minagting bejeën en dit ook sonder gewetenswroeging verwoes.

En dit is presies wat vandag ook gebeur. Betogende en opstandige studente en jongmense het gedurende die afgelope paar jaar honderde male verkeersknope met al hulle gevolge veroorsaak, miljoene rande se skade veroorsaak deur die verwoesting van eiendomme en geboue en deur brandstigting.

Die hoog geroemde vryheid van ons tyd wat deur die Liberalisme gepropageer is en gepropageer word, is 'n dodelik gevaarlike vryheid. Dit is besig om veral die Westerse beskawing tot op sy fundamente te skud.

Hierdie vryheid wat sogenaamd geluk moes bring, is besig om net ellende, verdriet en skade te bewerkstellig.

Waarom?

Omdat dit 'n vryheid is **wat van God en sy Woord losgemaak is**. Hierdie band met God was immers een van die eerste bande wat die Liberaliste wou verbreek.

En omdat die band met God losgeraak het, het hierdie vryheid en "vrye" mens soos 'n rots geword wat van sy anker losgeruk het en teen 'n steil helling verwoestend en onbeheerbaar na benede begin rol het.

Omdat die mens van God losgeraak het, het hy vir homself en sy medemens 'n groot gevaar geword.

Meer nog: Hy het juis geword wat hy nie wou wees nie, 'n slaaf.

Hoe verslaaf is die "vrye" mens van ons tyd nie?

Verslaaf aan dwelmmiddels, drank, sensasie, prikkelende vermaak, seks, musiek, ens.

Geen wonder nie, want die waarskuwing van die Here is in die wind geslaan. As Hy praat van die Liberaliste van die vroeër dae, sê die Here deur Petrus: "Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is, want waar 'n mens deur een van bogenoemde middels oorwin is, het hy ook 'n slaaf daarvan geword" (2 Petr. 2:19).

Positief beteken dit dat die mens wat deur God geskape is, alleen dan waarlik vry kan wees as hy aan God gehoorsaam is en lewe binne die kring van sy gebooië. As hy uit hierdie kring uitgaan om "vry" te wees, verongeluk sy lewe ... vir tyd en ewigheid.

Daarom moet vryheid en verantwoordelikheid altyd hand aan hand gaan.

Christus het ons kom verlos van die slawerny van Satan — wat hy valslik as vryheid aan ons voorhou — om aan ons die ware vryheid van die kinders van God te gee (Gal. 5:1, 13).

P. J. de Bruyn.

Permissiwiteit en seks

U het seker ook al gehoor dat daar van die mense en samelewing van ons tyd gepraat word as die **permissiewe** gemeenskap.

In die vorige artikel het ons gepraat van die **bandeloosheid** van die hedendaagse mens.

Bandeloosheid en permissiwiteit is nou aan mekaar verbonde, maar tog het die woorde nie dieselfde betekenis nie.

Bandeloosheid beteken dat die mens doen net wat hy wil, al het hy nie die reg om so op te tree nie.

Permissiwiteit beteken egter dat die mens ten volle die reg het en dat dit hom geoorloof is om te doen net wat hy wil.

Waar permissiwiteit en seks aan mekaar gekoppel word, beteken dit nie net dat baie mense van ons tyd hulleself allerlei seksuele vryhede veroorloof nie, maar ook dat die standpunt al hoe meer gehuldig word dat die mens **die reg het** om te eniger tyd 'n happie seks te neem net waar en wanneer dit die twee betrokkenes pas.

Maar is dit reg?

En is dit goed?

Dit moet ons vasstel!

Hoe? Die logiese antwoord op hierdie vraag is tog seker om te vra wat die Een wat die mens gemaak het, oor hierdie aspek van sy lewe sê.

Nou weet ons dat dit God is wat die mens geskape het. En dit is God wat die mens met geslagsorgane gemaak het, en dit daarby só gemaak het dat geslagsomgang kan plaasvind en moet plaasvind met die oog op voortplanting. Dit is ook die Here wat aan man en vrou 'n seksuele verlange na mekaar gegee het en genot aan die geslagsdaad verbind het. En ook in hierdie opsig het God die mens "baie goed" geskape (Gen. 1:27-31).

En nou is dit tog vanselfsprekend dat ons moet vra waarom God, wat die mens gemaak het, seks 'n plek in sy lewe gegee het.

'n Kind besef reeds dat 'n produk met 'n bepaalde doel gemaak is. 'n Vliegtuig is gemaak om mee te vlieg en nie om op land of onder die water mee te ry nie. 'n Motor is ook gemaak om 'n vinnig bewegende vervoermiddel op land te wees en nie 'n middel om mure mee om te stamp nie. Natuurlik kan ek mure daarmee probeer omstamp, maar dit sal heel gou die einde van die motor beteken. En die vervaardiger van die motor sal my ook as 'n gek beskou.

Daarom moet ons ook vra wat God beoog het toe Hy seks 'n deel van die mens se lewe gemaak het.

Positief kan ons hierop antwoord dat seksuele omgang van die mens, soos hy deur God geskape is, noodsaaklik is vir voortplanting. Ook kan seksuele omgang volgens die besondere aard en karakter wat God daaraan gegee het alleen in die huwelik behoorlik tot sy reg kom.

Daarom het God ook bepaal dat seksuele omgang alleen **binne** die huwelik mag plaasvind en dit buite die huwelik uitdruklik verbied. Dit is baie duidelik uit die volgende:

Geslagsgemeenskap word in die Bybel aangedui met die uitdrukking "**een vlees** wees". Dit mag net binne die wettige huwelik geskied waarin man en vrou deur God saamgevoeg is (Gen. 2:24; Matt. 19:4-6; Ef. 5:31). Buite die huwelik is dit verbode dat 'n man en 'n vrou

"een vlees word" (I Kor. 6:16).

Die woord **hoerery** word dikwels in die Bybel gebruik. Dit sien op geslagsgemeenskap **voor** die huweliksbevestiging, of as dit **na** die huweliksbevestiging plaasvind met 'n ander man of vrou as die een waarmee jy getroud is.

So 'n hoerery word ten strengste deur God verbied. Die volgende uitsprake in die Bybel toon dit duidelik aan:

DEUTERONOMIUM 22:20-24:

"As hierdie woord waarheid is: Die maagdom is aan die dogter nie gevind nie — dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring en die manne van die stad **moet haar stenig** dat sy sterwe, **omdat sy 'n skanddaad in Israel begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer.**

As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, **moet hulle altwee sterwe ...**

As 'n dogter, 'n jongmeisie, aan 'n man verloof is, en iemand kry haar in die stad en hou met haar gemeenskap, dan moet julle hulle twee na die poort van die stad uitbring **en hulle stenig dat hulle sterwe:** die dogter omdat sy in die stad nie geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste onteer het".

SPREUKE 6:32:

"Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes hy doen so iets".

I KORINTHIËRS 6:13-20:

"Die liggaam is nie vir hoerery nie maar vir die Here . . . Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? **Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak?**

Nee stellig nie! Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees . . .

Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en julle gees wat aan God behoort."

I KORINTHIËRS 6:10:

"Geen **hoereerder** sal die koninkryk van God beërwe nie".

EFESIËRS 5:3, 5:

"Maar **hoerery** en allerhande onreinheid en hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie . . . Want dit moet julle weet dat **geen hoereerder** of onreine... 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie".

HEBREËRS 13:6:

"God sal hoereerders en egbrekers oordeel".

OPENBARING 21:8:

"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en **hoereerders** en towenaars en afgodedienswaarders en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: Dit is die tweede dood".

Uit hierdie uitsprake is dit duidelik dat hoerery ten strengste deur God verbied is. Die ewige oordeel van God wag op diegene wat daarin volhard.

Op die pad van seksuele omgang buite die huwelik kom ons in die Bybel geen enkele groen of selfs 'n geel lig teë nie maar net groot en duidelike rooi ligte.

Om dus in ooreenstemming met die permissiewe gees van ons tyd seksuele omgang ook buite die huwelik te laat plaasvind is in stryd met die aard en betekenis wat God daaraan gegee het. Daarom sal dit noodwendig lei tot frustrasie, sagtheid en verdierliking van die mens. Waar dit die liefde binne die huwelik moes dien, word dit buite die huwelik slegs 'n bevrediging van die mens se drange en wel op so 'n wyse dat dit slegs 'n gevoel van sinlose leegheid agterlaat.

Is u 'n voorstander van seks buite die huwelik?

Indien wel, gebruik dan ook maar u motor om mure om te stamp en u skêr om al u tienrandnote mee stukkend te sny.

P. J. de Bruyn.

Nadele en onaangename gevolge van seks voor die huwelik

In die vorige artikel het ons die vraag gevra of dit **reg** is as seksuele omgang buite die huwelik plaasvind. Uit die antwoord daarop het dit geblyk dat dit nie reg is nie omdat God dit verbied.

Maar ons het ook gevra of seks buite die huwelik **goed** of **sleg** is, en daarop het ons nog nie geantwoord nie. Dié, antwoord wil ek hier verstrek.

Eintlik is dit nie nodig om nog te gaan vra of dit goed of sleg is nie, omdat die Here die finale sê oor alles het. Sy woorde en bevele hoef nie deur mense verdedig te word om krag daaraan te verleen nie. Omdat Hy met goddelike gesag verbied of gebied, moet ons onvoorwaardelik voor sy bevele buig.

Maar nou wil ek dit tog waag om uit die praktyk van die lewe aan te toon dat die wette van die Here wat seks voor en buite die huwelik verbied, ook baie wys en baie goed is omdat seks voor en buite die huwelik vir die mens inderdaad nadelig en skadelik is.

1. NADELE VIR DIE HUWELIK

1.1. Leer mekaar nie behoorlik ken nie

Navorsing het bewys dat as seksuele gemeenskap voor die huwelik plaasgevind het, die jongman en meisie, elke keer as hulle bymekaar kom, 'n baie sterk neiging openbaar om maar net weer so gou as moontlik by die intiemste liggaamlike kontak in seksuele omgang uit te kom. Die gevolg is dat hulle nie mekaar as mense beter leer ken, mekaar se karaktertrekke beter leer verstaan en goed op hoogte kom van mekaar se sterk en swak punte nie. En as hulle dan in die huwelik tree, neem dit gewoonlik nie baie lank nie of hulle kom tot die besef dat hulle mekaar eintlik nooit werklik geken het nie.

1.2. Gedwonge huwelike — gedwonge egskedings

Nieteenstaande die feit dat voorbehoedmiddels vandag so maklik soos sjokolade bekom kan word, het voorhuwelike seksuele omgang in honderde gevalle swangerskap tot gevolg. Dit lei gewoonlik tot gedwonge huwelike van twee mense wat heel dikwels glad nie bymekaar pas nie. So 'n huwelik is by voorbaat gedoem om in 'n egskedingshof te eindig — gewoonlik met bitter gevolg veral vir die kind of kinders wat daaruit gebore is.

1.3. Dit begunstig ontrou na die huweliksbevestiging

Voorhuwelike geslagsverkeer het dikwels tot gevolg dat man en vrou binne die huwelik by mekaar "uitgekuier" is en by ander persone as die huweliksmaat seksuele bevrediging gaan soek.

2. NADELE VIR DIE PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

2.1. Leer geen selfbeheersing nie

'n Baie belangrike saak in die goeie ontwikkeling van 'n mens se karakter en persoonlikheid is die aanleer van selfdisipline en selfbeheersing. Ten opsigte van die seksuele beteken dit dat ek my nie deur my seksuele drange laat meesleep nie, maar my moet afvra wat goed en reg is en dit dan doen. Daardeur sal ek geestelik sterk word en 'n innerlike adiel in my opgebou word.

Daarenteen, as ek myself nie beheers nie en telkens maar toegee aan my hartstogte, word ek

'n swakkeling, 'n slaaf van my emosies en 'n gevaar vir die samelewing.

Die seksuele drang in die mens is soos elektrisiteit: As ons daarmee te doen kry in 'n onbeheerste vorm soos in 'n weerligstraal, kan dit dood en verwoesting saai, maar as ons dit kan beheers en orden, kan dit baie nuttig wees en motors laat draai, ligte laat brand, vertrekke verwarm of verkoel, ens.

2.2. Versterk mekaar nie geestelik nie

Ons het reeds gesien dat 'n jongman en 'n meisie eintlik ophou om geestelik na mekaar toe te groei sodra hulle met voorhuwelikse seksuele omgang begin. As 'n mens die saak uit 'n enigins ander hoek beskou, beteken dit dat hulle mekaar nie geestelik opbou, versterk en verryk nie.

In Spreuke 27 : 17 lees ons: "Yster slyp yster; so slyp die een mens die persoon van die ander". Daarmee word bedoel dat in sosiale omgang en gesprekke die een die ander beïnvloed en op die wyse mekaar geestelik opbou en versterk. Maar as daar toegegee word aan die versoeking van seksuele omgang voor die huwelik, sal van die slypery baie min tereg kom omdat hulle by elke ontmoeting bewus of onbewus in die rigting sal beweeg.

3. NADELE VIR DIE MEISIE IN BESONDER

3.1. Sy maak haar goedkoop

Of 'n meisie dit nou wil weet of nie, dit is 'n onbetwisbare feit dat sy haar goedkoop maak deur voorhuwelikse seksuele omgang met 'n man. Sy doen haar vroulikheid baie skade aan.

In 'n bespreking van hierdie saak, maak 'n skrywer die volgende treffende en baie raak aanmerking:

"Dit alles laat my dink aan 'n reklameteken wat ek eenmaal, in 'n winkel gesien het:

EFFENS GEBRUIK. PRYS GROOTLIKS VERMINDER".

(dr. S. I. McMillen).

Dit is nou maar eenmaal so dat selfs mans wat met verskeie meisies voorhuwelikse geslagsverkeer gehad het, tog met 'n maagd wil trou en hulle nie wil "goedkoop maak" deur met 'n "goedkoop meisie" te trou nie.

3.2. Mans verloor belangstelling

Dat 'n man se belangstelling in 'n meisie met wie hy voorhuwelikse omgang gehad het, sterk afneem, is geen vreemde verskynsel nie. Wat hy te maklik kry, waardeur hy nie. Hy sal 'n meisie wat maklik aan sy versoeke toegee, sonder veel kwellings laat staan en 'n verhouding soek met 'n meisie wat nie sulke vrypostigheid sal toelaat nie.

3.3. Geestelike ontwrigting en skade

Voorhuwelikse geslagsverkeer het in die reël veral by meisies 'n geestelike ontwrigting en skade tot gevolg. Hulle toon tekens van lusteloosheid, vermoeienis, 'n skynbare behoefte aan meer slaap, 'n minderwaardigheidsgevoel en 'n onvermoë om te konsentreer en hulle werk klaar te kry.

3.4. Skade in die latere lewe

Daar is vasgestel dat meisies wat voorhuwelikse omgang gehad het in hulle latere lewe heel dikwels 'n hinderlike koudheid ontwikkel.

4. NADELE VIR DIE VOLK OF GEMEENSKAP

4.1. Geestelike en liggaamlike verswakking

Losbandigheid op seksuele gebied is nie net nadelig vir die betrokke individu wat so lewe nie maar ook vir die hele volk of gemeenskap waarvan hulle 'n deel vorm.

Dwarsdeur die geskiedenis en dwarsoor die hele wêreld staan een aangrypende feit soos 'n paal bo water: Die verstandelike, kulturele en materiële **voortgang** of **agteruitgang** van 'n volk staan in direkte verband met die **beperking of uitbreiding** van seksuele vryheid en losbandigheid. By enige volk of gemeenskap gaan 'n **groot energie** en 'n **seksuele losbandigheid** NOOIT saam nie. As die een gekies word, beteken dit vanselfsprekend 'n prysgawe en opoffering van die ander.

4.2. Toename in geslagsiektes

Die bekendste geslagsiektes is **sifilis** en **gonorree**. Dat dié siektes toeneem namate die seksuele losbandigheid toeneem, is vanselfsprekend. In ons tyd word in sommige lande die hoogste persentasie persone met geslagsiektes aangetref sedert die Tweede Wêreldoorlog. Ook in ons land is daar in die jongste tyd 'n sterk toename in geslagsiektes.

4.3. Buite-egtelike kinders

Ook die geboorte van 'n buite-egtelike kind met al die probleme daaraan verbonde, behoort as verdere rede te dien vir 'n jongman en 'n meisie om hulle van voorhuwelikse geslagsverkeer te weerhou, aangesien nie net hulle twee nie, maar moontlik ook 'n derde, 'n "onskuldige bloedjie", ernstig daardeur geraak word.

Uit al hierdie nadele en onaangename gevolge van voorhuwelikse geslagsomgang kan ons sien hoe wys die Here onse God is as Hy dit verbied. Maar hieruit kan ons ook sien hoe dwaas dit van die mens is as hy na die wyse geboorte van God nie wil luister nie.

P. J. de Bruyn.

Permissiwiteit en kleredrag

As permissiwiteit en kleredrag aanmekaar gekoppel word, beteken dit dat die mens kan aantrek net soos hy of sy wil en ook die reg het om dit te doen.

Die gevolg hiervan kan vandag veral by die vrou duidelik gesien word. In ons tyd wil baie vrouens skynbaar soveel as moontlik van hulle naakte liggame vertoon aan enigeen wat wil kyk. En dit is nie al nie. Mary Quant, die Engelse modeontwerpster wat beskou word as die moeder van die minirok, het gesê dat enige vrou wat 'n minirok aan het, daarmee aan enige man sê: Ek is beskikbaar.

Die wyse waarop die vrou in die jongste tyd met haar onderklere te werk gegaan het, toon ook baie duidelik die permissiwiteit in hierdie verband.

Eers is die onderklere van die vrou beskou as 'n noodsaaklike deel van haar kleding, wat so gedra moet word dat dit nie gesien word nie. **Daarna** het die gebruik posgevat dat die vrou haar maar so kan klee dat haar onderklere deur die publiek gesien kan word en selfs gesien móét word. Die **derde stap** was dat vrouens begin het om van hulle onderklere ontslae te raak. En pas het die **vierde stap** in werking getree by een of ander perdewedren waar vrouens openlik getoon het dat hulle geen onderklere aan het nie.

Oor die verdere ontwikkeling hoef 'n mens eintlik nie eers te raai nie. Dit wil voorkom of die dae van 'n modieuse stertriem nie meer ver is nie.

'n Mens wonder soms wat die ergste is: Die belaglike of die banale?

Maar nou leer die Bybel ons, en die ervaring bevestig dit, dat die kleredrag — of die gebrek daaraan — 'n mens se innerlike openbaar. 'n Gewaagde rok weerspieël 'n gewaagde lewe. Halfnaakte kleredrag openbaar 'n naakte en leë innerlike. 'n Minirok is dikwels 'n openbaring van 'n mini(mum) gebondenheid aan die Woord van God wat ons leer dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is en derhalwe met klere wat daarby pas, bedek moet word. Uitspattigheid, selfontkleding en banale versiering is 'n verloëning van die beskeidenheid en die ingetoënheid van die Christen.

Maar wat leer die Bybel ons oor kleredrag?

In die Bybel word beslis baie duidelike beginsels vir ons kleredrag neergelê wat deur al die eeue heen onveranderd gebly het en nog sal bly — hoe die tye en modes ook al mag verander.

Die feit dat God die **skorte van vyblare**, wat slegs 'n **deel van die liggaam** bedek het (van die heupe af ondertoe) van Adam en Eva weggeneem het en in die plek daarvan aan hulle **rokke van** vel gegee het wat die **hele liggaam** van die nek tot die knieë bedek het (Gen. 3:7, 21), leer ons dat dit die wil van God is dat die liggaam behoorlik bedek moet wees.

As Paulus dan ook nog in 1 Tim. 2 : 9 verklaar: "So **moet die vroue hulle** versier met **behoorlike** kleding, **gepaard met** beskeidenheid **en** ingetoënheid ...," kan met vrymoedigheid verklaar word: Die Here eis van die gelowige, en in besonder van die gelowige vrou, dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid en skaamte, en waardeur sy haar nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.

Dink hieroor na as daar weer gesê word: "Liewer dood as uit die mode."

Dink daaroor na dat God eenmaal ook van u rekenskap gaan eis oor die klere wat u gedra het.

Dink daaraan dat Christus gesê het: "Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is vir hom beter as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel" (Luk. 17:1,2).

Onthou dat Christus óók gesê het: "En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in, die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word" (Matt. 18:8).

En dan sou 'n mens seker in dieselfde gees ook kon byvoeg: "En as jou klere of gebrek aan klere jou of iemand anders laat struikel . . ."

P. J. de Bruyn.

Het jou "vryheid" van jou 'n slaaf gemaak?

"Ek doen wat ek wil!"

"Ek het die reg om te doen wat ek wil!"

Miskien dink jy ook so en sê jy ook so.

Maar laat ek jou waarsku: As jy aanhou om so te sê en so te doen, sal dit miskien nie baie lank wees voor jy dié hoog gewaardeerde vryheid van jou heeltemal gaan verloor nie.

Dan sal jy nie meer kan doen wat jy wil nie.

Dan sal jy 'n slaaf wees.

Miskien dink jy ek maak 'n grap. Maar dit is nie so nie ek is werklik baie ernstig.

Daar is mense wat in dieselfde slagyster getrap het as dié een wat jy nou besig is om vir jouself te stel.

Gewoonlik wil hulle hul vryheid juis daarin openbaar dat hulle die getal **drankies** wat hulle per dag neem, begin vermeerder. Ook begin hulle van die **pille of kapsules** drink wat 'n mens so 'n wonderlike gevoel gee. En dan kom daar meesal ook nog van daardie sterk rookgoedjies by.

Hulle oortuig hulleself dan dat hulle die dinge kan doen, want daarin word hulle vryheid geopenbaar.

In 'n demokratiese land het 'n mens mos die reg om te doen wat jy wil!

Maar weet jy wat is die uiteinde daarvan?

Daar kom 'n dag waarop hulle tot die verskriklike ontdekking kom dat hulle nie meer sonder daardie drankies, pille en rookgoedjies kan klaarkom nie. Hulle moet dit net hê, anders kan hulle nie 'n nuwe dag of 'n nuwe nag tegemoet gaan nie. Daarsonder kan hulle die *lewe* nie aandurf nie.

Maar hoe meer en hoe langer hulle dit gebruik, hoe minder kan hulle daarvan loskom, hoe meer is hulle daaraan gebonde.

Uiteindelik moet hulle erken dat daar van hulle sogenaamde vryheid niks oorgebly het nie, want hulle het slawe geword.

Drankslawe!

Pilslawe!

Daggaslawe!

Om jou te oortuig van die waarheid en erns van wat ek hier sê, wil ek enkele grepies aanhaal uit mededelings van 'n voormalige dwelmslaaf oor sy vroeëre lewe. (Sy volledige verhaal kan gelees word in Hoofstad van 20 Augustus 1971). Hy sê:

"Kort nadat ek uit die huis is, het ek my eerste vuurdoop gehad. Ek het dagga gerook en pille gesluk. Dit was nie lank nie of ek was heeltemal verslaaf. Die gevoel van liefde wat ek teenoor die "vriende" gehad het, het verander na dié van afhanklikheid. Daar was geen vriendskap meer nie. Ek moes 'n duur prys betaal. Ek was nie meer my eie nie. Vir 17 jaar lank het ek aan hulle behoort.

Maar die woeste kringloop van dwelmmiddels het my ingehaal en die dagga en minderwaardige pille kon my nie langer bevredig nie. Ek het oorgeslaan na inspuittings.

Morfien! .. .

Ek het my gewoonlik onder die tong of in my arms ingespuut. Ek en my maats was so verslaaf aan heroïne dat ons wou sterf as ons dit nie in die hande kon kry nie.

'n Mens se hele liggaam trek inmekaar van pyn, jou gesig vertrek en jy sweet so te sê bloed. Jy wil mal word en skop na die mure. Jy kan geen rekenskap van jou doen en late gee nie. Jy is heeltemal van die duiwel besete."

Kan jy sien waar jou sogenaamde vryheid jou uiteindelik kan laat beland?

As jy daar uitkom, sal jy vind dat jou hele lewe sinloos word. Jy ervaar dan geen geluk en vreugde meer nie, want die lewe is dan niks anders nie as een groot stuk hel.

Maar wat is die oorsaak daarvan?

Dat die mens die rug op God gekeer en Christus verwerp het. En die oomblik as die mens dit doen, word sy lewe leeg. En die leë lewe moet dan gevul word — ongeag waarmee. En in sy dwaasheid dink die mens dat hy vry is om dit te vul net waarmee hy wil.

Maar so word hy juis beroof van sy vryheid en verlaag tot 'n ellendige slaaf. Daarom waarsku die Here ons ook in Sy Woord: "Want waar 'n mens deur middele oorwin is, daarvan het hy 'n slaaf geword" (2 Petr. 2:19).

Daarom is daar maar net een weg tot redding en behoud: **Terug na Jesus Christus toe!**

Christus het immers gekom om weer sin en betekenis aan die lewe van die mens te gee. Dit het Hy gedoen deur die sonde, wat alles sinloos en waardeloos gemaak het, te oorwin.

As ek met Christus lewe, loop ek my ook nie meer te pletter teen die dood nie, want Hy het vir ons die dood oorwin, sodat die dood nou slegs 'n deur is waardeur die Here ons neem om altyd by Hom te wees.

Uit genade wil die Here ook die goeie wat ek hier op aarde doen, beloon.

Daarom kon Paulus ook sê dat ons arbeid in die Here **nie** tevergeefs is nie, want dit het ewigheidsbetekenis (1 Kor. 15:58).

Hierdie wete bring troos, koers en doelgerigtheid in 'n mens se lewe. Nou weet ons immers dat alles nie by die dood doodloop nie, maar dat die kinders van God bestem is om in 'n ewige geluk te gaan woon op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Ook jy kan in hierdie vreugde deel as jy naby die Here lewe en jou geluk nie by mense of drank of pille soek nie maar by Jesus Christus die Gekruisigde. Hy wil jou aan Hom bind om jou te verlos van jou valse vryheid wat uitloop op slawerny. In die plek daarvan wil Hy aan jou ware geluk en ware vryheid gee.

Gaan dan vandag nog na Hom toe!

Môre is dit miskien al te laat!

P. J. de Bruyn.